

## JOËL

### I DIE OORDEEL VAN DIE HERE MET DIE OOG OP DIE KOMS VAN DIE DAG VAN DIE HERE      Joël 1 – 2 : 17

Van die profeet Joël weet ons niks meer as wat in die eerste vers staan nie. Ons weet net so min wanneer hy geleef het, of dit voor of na die ballingskap was weet ons nie maar dit doen aan die betekenis van hierdie Bybelboek niks af nie. Sy naam beteken ‘die HERE is God’. Die belangrike is dat hy deur die HERE as profeet geroep is en dat hy sy profetiese roepingswerk gedoen het, dat dit op skrif gestel is en deur die werk van God die Heilige Gees bewaar en vir ons gegee is. Calvin wys tereg daarop dat amper al die profete die inleiding van vers 1 gebruik waarin getuig word dat hulle niks volgens eie gevoel of mening sê nie maar slegs getroue uitdelers is van dit wat hulle van God ontvang het. Daaruit moet ook afgelei word ‘dat in die Kerk van God geen menslike lerings toegelaat mag word nie’.

In kort hoor ons in hierdie boekie dat die oordeel van God oor die sondes van die kerkvolk mens en dier en plant hard slaan maar dat die mens dit nie as oordeel van God sien nie en verhard. God dreig met swaarder straf indien daar geen bekering en diepgaande verootmoediging kom nie. Die boek eindig met heerlike beloftes want die troue Verbondsgod vergeet nie Sy verbondsbeloftes nie: Christus sal kom en Hy sal die verstrooide oorblyfsel saambring en herlewing skenk.

\*\*\*\*\*

Wonders .....van God en mense.

Joël skryf in sy eerste hoofstuk nou nie juis oor nuus nie, in 'n groot mate lees hy so te sê uit die koerant voor wat uitspel wat almal weet omdat hulle dit ondervind en miskien selfs beleef maar in elk geval nie deurgroond nie. Die profeet wil die kerkvolk se oë oopmaak dat hulle in die verskriklike rampe nie 'natuurrampe' sien nie maar die straffende Hand van God. Dit is geen 'toeval' of die in wese so goddelose uitdrukking 'moeder natuur' se wispelturigheid nie. Dit is 'n 'wonder' sê Calvyn keer op keer.

Die gelowiges is deur die eeue gekonfronteer met allerlei wonderlike uitsprake en bewerings van 'wonder'genesings en 'wonder'bekerings en 'wonder'verskynings en 'wonder'verhorings en so kan ons 'wonder'lik voortgaan en ons vergaap aan die 'wonder'like groot massas wat byeenkomste van die 'wonder'doeners bywoon om 'wonder'lik opgesweep te raak.

Die tragiek is dat ons deur al die propaganda van die 'wonder'doeners en hulle 'wonder'lik groot inkomste begin gekondisioneer raak in die valse gedagtegang dat net spektakulêre gebeurtenisse 'wonders' is. Sonder om selfs enigins in te gaan op die vraag watter van die sogenaamde 'wonders' werklik is wat gesê word dat hulle is, moet ons liever goed onthou dat die Heilige Gees ons waarsku dat die valsechristus (die pseudo-chris) en sy handlangers die grootste 'wonderdoeners' van alle tye is.

++++

( Ons praat baie maklik oor die 'Antichris' en sien alles wat as valse profete en verkondigers op ons afkom as voorlopers of boeties van hom. Die Heilige Skrif laat ons egter onderskei tussen die pseudo-chris of valse messiasse wat hulle bedrieglik voorstel as die beloofde Messias maar daarteenoor plaas die Antichris hom spesifiek super-vyandig TEENoor die Messias en Sy volgelinge. Die pseudo-chris maak dus as leuen-in-die-vlees met sy verstommende verleidelike wonders die mensheid ryp vir die volg van die Antichris. Natuurlik is die hele gegewe van pseudo-chris en

antichris ook in die literatuur behandel. Die beroemde sweedse skryfster Selma Lagerlöf ( van haar werk is ook in Afrikaans vertaal) het teen die end van die 19de eeu haar ‘Die wonders van die antichris’ geskryf. In daardie roman wat op Sisilië afspeel word die verhouding van sosialisme en katolisisme geskets. Die antichris kom as die liewe heiland wat in die oë van die eilandbewoners volkome op die liewe Jesus lyk. In die groot sosiale en ekonomiese nood is hy die redder wat van land tot land trek om die armes kos te gee, siekes te genees en trane af te droog. Laat ek ‘n paar stippelyne deurtrek - Met sy sagte oë en fluweelsagte woorde wat kunstig gevorm word om ‘n warm weerklank te vind vir elke situasie en met hemelse beloftes oor alles onder son en maan wen hy hart na hart. Die wat teen hom ingaan is natuurlik skandalig wrede vervolgers wat vergelykbaar is met hulle wat Jesus gepynig en vervolg het..... klink dit nie bekend nie? Word die ondenkbare nie presies so gedoen deur Jakob Zuma se ondersteuners wat hierdie toppunt van immoraliteit durf te vergelyk met ons Here Jesus Christus?? Hy word voorgestel as redder en verlosser en so sien ons hom deur die bril van die Skrif as pseudochristus!!

Natuurlik is daar geen waterdigte skeiding te sien tussen die pseudochristusse en die antichris, soms vloei die een in die ander want in die voorloper is ook die antichristelike dwaalgees werksaam. Die leuenaar is tog hy wat Jesus as die Christus loën- 1 Joh 2 : 22. As iemand dan soos die so genoemde emeritus aartsbiskop Desmond Tutu die maagdelike geboorte van ons Saligmaker, Sy soendood en opstanding en hemelvaart as werklike feite ontken dan is hy besete met ‘n antichristelike gees. Op grond van daardie valse leer trek hy, en sy kornuite, die lyne dan deur met bewerings dat Jesus ‘n voorloper was wat Sy vervulling kry in demokrasie , humanisme, sosiale voorsienings soos toelaes vir tieners- wat kinders per dosyn vervaardig om verniet geld te kry- liewe Jesus was die eerste vryheidsvegter, sosiale hervormer, rewolusionêr teen kapitalisme, anti-

apartheidsaktivis, pasifis, feminis ..... en vul maar in! Hy het die fondasie gelê vir die hemelse samelewingsorde op aarde, in Sy idees en gedagtes het Hy opgestaan en leef Hy voort.)

Ons bely in ons belydenisgeskrif die Heidelbergse Kategismus Sondag 10 oor die voorsienigheid van God en dit sluit al die 'wonders' van elke dag in. Van die heel 'gewone' opgaan van die son tot my opstaan uit my bed tot die vermoë om te kan eet dit wat God in Sy 'wonder'bare genade my gee. En as ek dan miskien met 'n geweldige koors opstaan dan neem ek medisyne wat ontwikkel is deur mense wat deur God die insig en roeping gegee is om daardie geneesmiddel uit te vind. Dan bid ek God se seën af oor die gebruik van daardie middel en indien die Hom behaag dan genees dit en verdwyn die koors. Dit is niks minder nie as 'n Godgegewe wonder. Maar indien dit die wil van my hemelse Vader is dat ek nie gesond word nie maar dat die siekte my 'in die middag verwoes' en ek dit sien en beleef as die wil van my Vader wat Sy eniggebore Seun die dood ingestuur het om vir my sonde te betaal en die dood verslaan het en dit vir my ook verander het in die deurgang na die ewige lewe dan is dit ook 'n Godgegewe 'wonder'!! Die gelowige aanvaarding van die wil van God met my lewe in my lewe kan alleen gebeur deur die werk van die Heilige Gees en dit is minstens netso 'n groot wonder as liggaamlike genesing. Wat is die lewensroeping van die gelowige? Om 'n 'lekker' en 'voorspoedige' lewe te hê? Of is dit soos Calvyn so benadruk het 'om tot eer van God te leef en te werk'.

'n Hulpmiddel by die Bybelstudie oor die boek Jona het ek die titel gegee van 'Wonders per dosyn' maar ook hier is papier weer geduldig want die wonders is nie letterlik 'n dosyn nie maar selfs dertien!!

\*\*\*\*\*

Joël beskryf die verskriklike sprinkaanplaag wat letterlik al die voorspoed wegvreet. Die verskriklikheid van die plaag word beklemtoon deurdat die sprinkane op so'n beskrywende manier genoem word 'wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind.' ( Die 'nuwe' vertaling vertaal hier weer nie maar verswak die vers 'wat nie deur die eerste sprinkaanswerm opgevreet word nie, word deur die volgende opgevreet; wat nie deur dié opgevreet word nie, deur 'n derde, en wat nie deur dié opgevreet word nie, deur 'n vierde' )!!

Die betekenis van hierdie ontsettende ramp word ge-adresseer aan vier groepe mense. Allereers die dronkaards wat moet begin en huil omdat die wingerd verwoes, so absoluut kaalgestroop word deur die vraatsugtige vernielers sodat daar geen oes oorbly waarvan wyn gemaak kan word nie. Die profeet spreek namens die Here, die vyandige sprinkaanleër het oor 'My land' gekom, het 'My wingerd, My vyeboom' verwoes, afgebreek, kaalgestroop. Die HERE Here is die Eienaar, Gewer van alle gawes. Maar die volk in die algemeen moet ook treur, in diepe rou gaan soos die bruid rou oor haar bruidegom wat gesterf het, is daar 'n groter ramp denkbaar vir 'n bruid?, in ons tyd is dit verskriklik in Israel soveel te erger. Op die hele lewe word die gevolge van die ramp gevoel. Allereers in die tempel waarin die bevel van die HERE oor die offerdiens nie meer gehoorsaam kan word nie. Die band met die HERE Here die troue Verbondsgod en Gewer van alle lewe was verbreek, die offers het opgehou en so die gemeenskap met die HERE (gewoonlik verwys die engelssprekende kommentators hier na die 'kommunikasie' met die HERE deur die offers maar in ons taalgebruik is 'gemeenskap' baie ryker as net kommunikasie wat net een aspek daarvan is). Die gehoorsame onderhouding van die seremoniële gebooie en dus die hele offerdiens met alles wat daarby gegee was, was nie maar net 'n

seremonie nie maar juis ere-diens, die blye gee van die hoogste eer en gehoorsaamheid aan die Allerhoogste, die hemelse Vader. Die erediens dus die gods-diens = diens aan God en die landbou draai vas, die priesters en boere moet treur en rou.

Die oordeelsdag van die HERE kom en die huidige ellende is 'n voorspel daarvan... dus die profeet lees nie maar net die nuus –van- die- dag nie. Hy lees die daaglikse gebeure 'deur die bril van die geloof' in ons tyd dus die 'bril van die Bybel'. Daar is niks van dit wat gebeur wat nie deur die Hand van die HERE Here oor ons beskik word nie, Hy regeer deur Jesus Christus alles wat leef en beef, Hy is die Geskiedenis-maker. Die feite is duidelik en wys tog na die Máker van die feite. Daarom is die enigste redding ook by Hom te soek, deur Hom aan te roep, deur 'n verootmoedigingsdag uit te roep want alleen Hy is tog barmhartig en genadig! Regering en onderdaan, almal word opgeroep om na die huis van die HERE te gaan en Hom aan te roep.

Die Dag van die HERE is so naby dat dit gesien en beleef word deur mens en dier en plant. Die tekening van die onrus van die diere is aangrypend. Dit is opvallend hoe dikwels in die Heilige Skrif ons lees van die ontferming van God en die gelowige oor die diere. Die mens geskape na die beeld van God het 'n Goddelike roeping teenoor die natuur, hy is geroep as rentmeester. In ons tyd van opstandige aktivisme wek die 'groenes' maklik ons teësin op – in elk geval by my- en maak hulle hulleself bespotlik omdat hulle so baie dinge oordryf en die natuur losmaak van Hom wat dit geskep het as 'n lushof waarvan die mens kan en mag geniet. Soos alles kan slegs die gelowige wat wysheid van die Heilige Gees ontvang, balans ken en hou. Slegs die gelowige kan werklik 'n gebalanseerde 'groene' wees. Terwyl ek skryf woed die verskriklikste veldbrande in Australië. Die beelde van daardie ramp wat ons elke dag nou op die televisie nuusdienste sien gee 'n verskriklike werklikheidsgevoel

wanneer ons Joël 1 : 19 en 20 lees. ‘Tot U, o HERE roep ek, want ‘n vuur het die weivelde van die woestyn verteer, en ‘n vlam het al die bome van die veld aan die brand gesteek. Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en ‘n vuur het die weivelde van die woestyn verteer’. Die profeet roep die HERE aan vir erbarming, ontferming, genadige verlossing.

Joël roep egter ook die kerkvolk op om alarm te maak deur aan een stuk deur op die ramshoring te blaas en dit spesifiek op die enigste plek wat deur die HERE uitverkies is as Sy heilige berg, Sy Sion. Al die inwoners van die land – ongeag of hulle in Juda of die Noordelike Ryk woon en of dit voor of na die ballingskap is, hulle is deel van die uitverkore volk van God en daardie uitverkies wees word eers met die koms en soendood van Jesus Christus vervul – almal moet deur die alarm wakker geskud word dat daar oorlogsgevaar is, ‘n gevaar wat so werklik-verkriklik is dat elkeen moet beef. Die tragiek is egter dat die mens dommer of halstarriger as die stomme diere is want hulle besef dat dit ‘n Godsoordeel is. Die leer wat kom is ‘n voorspel van die Dag van die HERE en daardie Dag is naby. Die sprinkaanleër verander die dag in nag met sy onophoudelike en onafsienbare swerms.

‘n Oeroue Arabiese gesegde oor die sprinkaan lui: ‘die sprinkaan is gebou soos tien reuse van die diereryk, swak soos hy is – sy kop is soos ‘n perd, oë soos ‘n olifant, die nek van ‘n bul, horings soos ‘n bok, ‘n bors soos ‘n leeu, die maag van ‘n skerpioen, vlerke van ‘n arend, heupe van ‘n kameel, pote soos ‘n volstruis en die stert van ‘n slang’!! Die Arabiere praat dan ook van ‘Allah se leer’ Hierdie leer verander ‘n landskap wat welig groen soos die paradystuin van Eden is, in ‘n japtrap in ‘n kaal woestyn wat so dikwels as die Godverlate magsgebied van die Bose geskets word.

Die Aanvoerder van hierdie leer is die Here en Hy stuur Sy magte nie net in die platteland in nie maar laat dit ook die versterkte stad aanval en

onstuitbaar word alles ingeneem tot die huise toe. Die prentjie wat die profeet in opdrag van die HERE Here skets is benouend lewensgetrou. Die angswekkende geraas van die vlerke en die skurwe pote en die onophoudelik kouende kake, die golwende rooigekleurde beweging van golf op golf, die stank wat hulle versprei met hulle vieslike afskeidings wanneer hulle vasgevat of gedruk word of in jou klere vasgehaak raak – alles ‘n voorloper van die oordeelsdag van die HERE..... wie kan bly staan?

MAAR .... daardie Goddelike ‘maar..’ daardie ‘wie weet....’ daardie lokkende oproep tot bekering... ‘maar selfs nou nog spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en huil en treur!’ ‘n absoluut radikale bekering. Selfs van daardie onbeskryflik verskriklike plaag is daar die moontlikheid van verlossing want die Verbondsgod is die getroue. Die bekering moet egter radikaal ernstig wees, daar is geen plek vir halfhartigheid nie. Daar sal seën kom maar alleen as daar bekering is.

Die ramshoring moet nie net alarm blaas nie maar is ook die oproep tot bekering, tot die hou van ‘n bid-en-boete-dag. Ja, die HERE is ‘genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid’ maar die onverswakte voorwaarde is dat daar van harte bekering moet wees. Dit geld vir die hele kerkvolk, groot en klein sonder enige uitsondering.

Spesifiek die priesters moet die HERE aanroep met skuldbelydenis en Hom wys op Sy verbond en op die skade wat Sy heilige Naam sal ly as Hy die oordeel so onverswak laat losbars oor Sy volk wat die volke sal laat lekkerkry en spottend sal laat vra ‘waar is hulle God’? Die sondes van die kerkvolk raak nie alleen die Kerk nie maar letterlik alles –mens,dier en plant dus die hele skepping – maar reik selfs nog baie verder: dit skend die heiligheid van die Allerheiligste! Daarom die onbeskryflike verskriklikheid van oordeelsdag! Versoening kan alleen plaasvind by die plek en deur die geroepe ampsdraers wat deur God verkies is, dus in die tempel en op die

altaar. Dit wys simbolies na die volkome versoening deur die Lam van God tydens Sy hele lewe op aarde wat uitloop op die offer op Golgota.

Calvyn het na die behandeling van hierdie gedeelte daardie oggend die Bybelstudie afgesluit met die gebed:

‘ Gee, almagtige God, aangesien U sien dat ons omring is deur die swakheid van ons vlees en ook so in beslag geneem word, ja, oorstelp word deur aardse sorge, dat ons maar moeilik ons hart en gevoel en sinne tot U ophef;

Gee dan dat ons deur U Woord en daaglikse vermanings opgewek, eindelijk ons kwaad besef en sondes insien, en dat ons nie maar net opgevoed word deur die slae en beproewings wat U oor ons bring nie,

maar veral onself ook veroordeel en ons harte ondersoek en dan só voor U aangesig kom dat ons ons eie regters is,

om só U toorn te voorkom en op daardie manier die barmhartigheid te ontvang wat U belooft het vir elkeen wat U toorn wegbid en ook hoop op U genade nadat hulle hulle na U gedraai het. In die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

\*\*\*\*\*

#### VERBONDS-GEHOORSAAMHEID GEE VERBONDS-SEEN 2: 18-32.

Die HERE belooft dat daar wonders van seën sal wees by bekering. Die betrokke gedeelte veronderstel dat die volk hulle hartgrondig bekeer het en die gevolg is dat God oorfloedige seën gee. Die duidelike teenoorgestelde van die uitmergelende droogte en verwoestende sprinkaanplaag. Teenoor die verwoesting van die natuur in 1:12 gee die HERE oorvloed van kos in 2:19 en word die ‘smaad’ van 2:17 weggeneem, die rou en gehuil van

1:8e.v. moet vervang word met vreugdevolle blydskap 2:23 wat egter ook die aarde raak :21.

In die Ou Verbond was die verbondsseën en verbondsvloek vir die gelowige deur die HERE dikwels duidelik sigbaar gemaak. Ons lees dit duidelik in Deut 28. Die gelowige het in vrugbare jare en goeie inkomste en gesondheid die seënende Hand van die Verbondsgod beleef en aan die ander kant in onvrugbare jare en teëspoed, oorlog en siekte die oordeel in die straffende Hand van die verontregte Verbondsgod.

Dit was onder die Ou Bedeling. Onder die Nuwe Bedeling, dus in die tyd van die Nuwe Testament tot vandag en die Laaste Dag toe, bly die verbond nog die verbond van genade en versoening maar God het 'n verandering gegee in die manier waarop Hy die verbond laat werk, waarop Hy dit aan ons bedien.

Die aanhangers van die 'voorspoedgeloof' is onchristelik onbarmhartig teenoor elke gelowige wat deur die HERE beproef word wanneer hulle beweer dat die hoeveelheid voorspoed in ooreenstemming is met die omvang van iemand se geloof en dat die hoeveelheid ellende die maatstaf is vir iemand se ongeloof, jy kan dus uitwerk hoe groot jou ongeloof is as jy nog genoeg krag oor het om uit te werk hoe verpletterend groot jou of jou geliefdes se swaarkry en ellende is. Hierdie gladgebekte mense se 'hemel' moet dolleeg wees netsoos die van die mense wat beweer dat siekte van die duiwel kom en gevolg is van die mens se ongeloof. As siekte dan nie deur God beskik word om deur die poort van die dood die ewige lewe te ontvang wie kan dan ooit in die hemel kom? Slegs martelare en mense wat in ongelukke sterf? Gee daardie geloof maar vir my hond. Hoe ryk is ons wat in HK Sond 10 mag bely dat geen haar van my hoof val sonder die wil van my hemelse Vader wat in Sy voorsienigheid ook die slegte oor my beskik en vir my ten goede verander. Hoe heerlik troosvol om met die Psalmis in Psalm 73 maar ook met Paulus in Romeine 8 te bely dat ek in die grootste

ellende en teëspoed nie hoof te twyfel oor die troue liefde van my Drie-enige God nie. Van die grootste belang is die koers van my lewe, hoe beleef ek dit wat God as my hemelse Vader alles oor my beskik??

Netsomin as wat vrugbare jare en voorspoed outomaties ‘n Goddelike teken is van die verbondsseën, is siekte en persoonlike rampe ‘n regstreekse openbaring van God se straffende geregtigheid nie. Die sug na sogenaamde ‘tydredes’ (in veral dae van rampe eerder as in dae van voorspoed!!) is gevaarlik – daar word so maklik tekste uit die Godgegewe verband geruk om ‘kapstokpreke’ aan op te hang wat die gevoel so lekker aanspreek. Per slot van rekening is elke Woordgetroue preek Woordverkondiging en dus ‘n ‘tydrede’ met die oproep tot skuldbelydenis, bekering, geloofsvolharding, ‘n blye dankbaarheidslewe en –offer weens die versoening deur die bloed van Christus en verheerliking van die driemaal heilige Naam van ons drie-enige God.

Natuurlik neem dit nie weg dat spesiale ‘verootmoedigingsdienste’ hulle plek het nie. Netsoos Joël in opdrag van die HERE Here die volk oproep tot ‘n bid- en verootmoedigingsdag soos in 1:14 en nou weer in 2:1 pas dit ons ook om ‘elke keer wanneer die oordeel van God bokant ons kop hang en die tekens daarvan al te sien is, hierdie geneesmiddel te gebruik, sodat almal in die openbaar saamkom en bely, dat hulle die ondergang verdien het en dit werd is en tegelyk die toevlug neem tot die barmhartigheid van God..... ons weet dat dit in die ou tyd vir die ou volk beveel was en hierdie praktyk is nie deur die Evangelie aan die kant geskuif nie.” sê Calvyn. Hy vervolg dan – en laat ons dit tog maar regstreeks op onself toepas want ons is geen haar beter as die eerste luisteraars wat in daardie ‘primitiewe’ tyd van so’n ‘n eeu voor Jan van Riebeeck geluister het !! – ‘hieruit blyk ook, hoe ver ons afgewyk het van die ware en wettige orde, want in ons tyd is dit nuus en snaaks as ‘n vas ( verootmoedigingsdiens, biddag, en wat van ‘n dankdag!! WtH) afgekondig word. Waarom? Omdat

die grootste deel van die mense hulle verhard het en netsomin as wat hulle in die algemeen nie weet wat berou is nie, so verstaan hulle ook nie wat 'n belydenis van berou beteken nie. Want hulle sien nie in wat sonde is, wat die toorn van God is, wat genade is nie. Daarom is dit geen wonder dat hulle so sorgeloos is nie en dat, wanneer gepraat word oor die bid vir vergewing, dit vandag in ons tyd volkome onbekend is. Maar hoewel die volk so dom geword het, is dit tog ons taak om uit die profete te wys hoe die volk van God altyd gelei is en moet elkeen hard daaraan werk om dit bekend te laat word sodat wanneer die geleentheid daar is vir openlike berou, selfs die onkundigstes sal verstaan, dat dit altyd in die Kerk van God gebruiklik was en dat dit nie gedoen word deur ondeurdagte ywer van mense nie maar kragtens die wil van Godself.'

Ons kan by 2:18 aanneem dat 'n bid- en verootmoedigingsdag gehou is en nou volg onmiddellik die heerlikste beloftes van die Verbondgod vir Sy verbondsvolk. Ons lees 'die HERE het vir Sy land opgekom, Hy het medelye betoon met Sy volk' NV of in die OV 'Toe het die HERE geywer vir Sy land en Sy volk verskoon'. Die woord wat met 'geywer' vertaal is kom van dieselfde woord wat met 'jaloers' vertaal is soos in die Wet ' God is 'n jaloerse God' Eks 20:5. Die HERE het dus 'opgekom' vir Sy volk want Hy is jaloers op die goeie naam van Sy volk, wanneer die heidene of vyande van Hom en Sy volk gaan staan en spot omdat Sy volk swaarkry en ly dan kom die eer van God in die gedrang want dan word aan Sy mag en almag getwyfel. Vgl Eks 20:5 ; Num 25:11 ; Jes 9:6 ; Sag 1:14 ; Eseg 39:25.

\*\*\*\* Die begrip 'jaloesie' van God word op verskillende maniere in die Heilige Skrif beskryf. Om die eer en hoogheid en heiligheid van Sy Naam te beskerm vgl Eks 3:14, 34:5, Jes 42:8 ens.

God verwerp enige verontagsaming van Sy Woord en wil en veral die belediging deur aan dooie afgode eer te bewys vgl Eks 20:5, 34:14; Deut 4:24, 5:9, 6:15, 32:16 ; 1Kon 14:22 ; Ps 78:58; Eseg 8:3 deur Jode ; Jes 59:17, Sef 3:8 deur heidene.

Die HERE is jaloers vir Sy Kerk Joël 2:18; Jes 9:6, 37:32, 42:13; Eseg 39:25; Sag 1:14, 8:2.

Dit beskryf ook Sy brandende begeerte om Sy en Sy Kerk se vyande te vernietig Deut 29:20; Eseg 35:11 en ook Sy begeerte vir die voorspoed of welsyn van Sy volk 2Kon 19:31; Eseg 36:5 ev, 38:19. \*\*\*\*

Die HERE beloof verligting van die onmiddellike behoeftes vir die bekeerdes en daardeur neem Hy die heidene se moontlikheid om Sy volk te bespot en te smaad ook weg. Die sprinkaanswerms sal die HERE verdryf na die woestyn en in die see laat omkom sodat die stank die mense se asems sal laat wegslaan – tot vandag toe is die stank van dooie sprinkaanswerms ondraaglik.

Die HERE doen wonders en so moet die ploegland, plant, boom, dier en mens uitbreek in dankbare gejubel. Die natuurlike seëninge is absoluut oorvloedig. 'n Vertalingsverskil is in vers 23 waar die OV het dat die HERE vir Sy volk 'die leraar van geregtigheid ' gee wat dan volgens die verband die profeet Joël self is, ander verklaar dat dit heenwys na die Messias Jesus Christus maar dit voel wel bietjie erg gedwonge want dit gaan hier oor natuurlike seëninge en om na die Christus op so'n terloopse manier slegs eenkeer te verwys en dan onmiddellik oor te gaan tot die orde van die dag is wel onwaarskynlik. Weer ander verklaar dit met die NV as 'n skryffoutjie en vertaal dit as 'vroë reën' of 'Hy het die reëns betyds laat kom'. In elk geval doen dit niks aan ons saligheid af nie, die HERE gee heerlike seëninge vir Sy verbondsvolk en dit is waar dit oor gaan. Hy gee die drie stapelvoedsels: koring, wyn en olyfolie. Omdat olyfolie die plek

ingeneem het van vleis en botter vir die armstes was gebrek daaraan ‘n groot gevaar wat ondervoeding en die dood kon beteken.

GOD BRING DIE DAG VAN DIE HERE NADERBY IN DIE GEES  
VAN DIE PROFESIE 2 : 28 – 32

In die Hebreuse Bybel vorm hierdie paar verse ‘n nuwe hoofstuk. Deur die woorde ‘en daarna’ sluit dit egter baie nou aan by die vorige perikoop. Die stuur van die reën in vers 23 bevestig nie alleen die krag van God om Sy belofte van die stuur van die Messias uit te voer nie maar was tegelyk ook waarborg van ‘n tweede belofte, die stuur van die Heilige Gees in die tyd van die Messias. Die wonder is dat die Gees dan nie soos Joël en al die gelowiges onder die ou verbond dit geken het, net aan ‘n enkele spesiaal uitverkore profeet of koning gegee word nie maar werklik vir elke gelowige. So word die roerende gebed van Moses verhoor en vervul waar hy bid dat die hele gelowige volk tog profete mag wees deurdat die HERE Sy Gees vir hulle sou gee Num 11 : 29 maar lees dit in die hele verband.

\*\*\*

Ons lees dwarsdeur die Ou Testament al oor die werk van die Gees. In die skepping Gen 1:2, in die wegneem van bomenslike lewenskrag en leeftyd 6:3; in die gee van ‘n spesiale gawe aan Moses en die 70 oudstes Num 11:17,25 ; gegee vir Josua Num 27:18; Deut 34:9, Elia en Elisa 2Kon 2:9,15.

Natuurlik was die gawe van geloof ook in die Ou Testament die werk van God die Heilige Gees maar die spesiale gawes was slegs vir ‘n paar lede van die kerkvolk gegee. Dit verander radikaal na die koms van Christus. Nou ontvang ‘alle vlees’ die Heilige Gees – Jode sowel as heidene wat tot geloof kom vgl Hand 2:8-11, 39, 41 ; 10:34-47; 11:20,21; 15:7-12. Calvyn

stel dan ook dat die geloof na die koms van Christus uitnemender is as die gawe van profesie van die Ou Testamentiese profete.

\*\*\*

Ons is gelukkiger as die oorspronklike lesers van Joël want ons weet uit die Heilige Skrif dat hierdie profesie vervul is in die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster soos duidelik deur die apostel Petrus geopenbaar is in Hand 2:16-21. Petrus haal die teks uit Joël aan maar dit verskil wel 'n bietjie van die letterlike soos ons dit op beide plekke in die OV ontvang het. Die rede was dat Petrus nie die teks in Hebreus aanhaal nie maar die Griekse vertaling, die Septuaginta, gebruik het. Die verskil is gering. Dit is egter wel interessant om selfs in die Bybel al te sien dat verskillende vertalings selfs deur 'n apostel gebruik is!!

'n Paar opmerkings kan by hierdie perikoop van pas wees:

- a. ons het almal as gelowiges die amp van profeet, priester en koning ontvang. Wat die profetiese amp betref beteken dit hoegenaamd nie dat elke droom van 'n gelowige 'n spesifieke gawe van die Gees is nie. Eintlik is dit baie logies want ons weet dat ons soms slegte/verkeerde/belaglike drome droom en dan is dit mos logies dat dit nie van die Gees kan kom nie. Maar by baie geesdrywerrigtings is logika die laaste wat in tel is... Wanneer 'n droom of gesig of insig of watter 'bonatuurlike' openbaring of hoe dit ook al genoem mag word in enige opsig nie met die geskrewe Woord van God volledig ooreenstem nie dan is dit onmoontlik dat dit 'n gawe van die Heilige Gees is.
- b. Van die kant van die Pinkstergroepe word graag 'n beroep gedoen op die 'alle vlees' in Joël en dan word alle kerklike ampte verwerp maar die vervulling van hierdie profesie het tog juis die besondere ampte soos die van die apostels nie uitgesluit nie maar juis ingesluit.

- c. In aansluiting by (b) is die oorskatting van die amp van die gelowige en die onderskatting van die besondere ampte waartoe gelowiges geroep word verkeerd – beide moet gemeet word met die Bybelse maatstaf.
- d. Ons moet tog ook maar weer let op die hele verband waarin Petrus vir Joël aanhaal en dat hy die volledige verse 28 – 32 aanhaal en nie maar net verse 28 en 29 nie. Hy verklaar dan dat dit alles nou met Pinkster vervul is, dus ook die gedeeltes wat ons die oordeel laat sien: bloed = oorlog, slagvelde; vuur = die verskroeide aarde beleid soos deur die Engelse uitgevoer tydens die Vryheidsoorloë en hele stede wat platgebombardeer en platgebrand word in die ‘konvensionele’ oorloë of die bomme wat vervloekte terroriste in vuurballe laat ontplof om soveel as moontlik mense uit te wis in hulle moordpartytjies. Ons sien in ons tyd met ons eie oë op die TV al hierdie vrskrikkings en hoe rooksuile opstyg in die hemelruim om die son te verduister en die maan bloedrooi te laat word as weerkaatsing van die strome bloed wat die aarde wil verswelg.

Wat wil die Here hiermee openbaar? Juda het teruggedraai na die HERE toe en die HERE het in genadige barmhartigheid teruggekeer na Sy volk maar dit gee nou nie as gevolg ‘n wonderlike ‘rus en vrede’ in die volkewêreld nie. Presies die teenoorgestelde!! Die Here gee Sy Gees van profesie vir alle vlees, vir elkeen in Sy volk wat daardie profetiese Woord verkondig, uitdra, uitleef maar dit maak nou juis alle teëstand van alle teëstanders uit die hel uit en nou hier op aarde wakker. Bloed en vuur en rookwolke word as oordeelsopenbarings sigbaar weens die veragting van die profesieë en die uitblus van die Gees. Na Pinksterfees word die geskiedenis duidelik die geskiedenis van die vergader van God se Kerk ( die berg Sion en Jerusalem – hulle wat die Naam van die

HERE aanroep) en aan die ander kant die geskiedenis van die veragting en verwerping van die Woord.

Dit gebeur alles ‘voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom’ OV of in die NV ‘en dan sal die groot, die vreeslike dag van die Here kom’ vs 31. Al hierdie verskriklike gebeurtenisse is dus nog altyd deel van die voorbereidings vir daardie Dag – God berei Sy groot dag voor deur Sy Pinkstergees en deur die Woord van die profetiese prediking. Deur die werk van die Woord en Gees kom daar die skeiding, die een vind sy of haar ondergang in bloed en vuur en rook – die ander word gered op die berg Sion en in Jerusalem.

Die Dag van die HERE is dus nie net en alleen ‘n vrskriklike dag van bloedstollende verbnietiging nie – God is baie groter as Sy Dag en al die onuitspreeklike afgryslikhede. Elkeen wat gelowig die HERE Here aanroep – die geloof is die moeder van die gebed (Calvyn) – sal die trou van die Verbondsgod en Sy genade en barmhertigheid beleef, sal gered word soos Israel van die vernietigende sprinkaanplaag. Alleen in Sy Kerk, die hemelse Jerusalem Gal 4:26; Heb 12:22 word bewaring gevind, Sy Kerk wat die volledige getal uitverkore ontsnaptes omsluit, lewende lidmate van Sy liggaam Ef 1:19,20; 2:4-10

Hierdie teks is weer ‘n bevestiging dat die Kerk, ondanks al haar sondes en God se swaar straf daaroor, tog in die wêreld sal bly voortbestaan, omdat sy netsomin vernietig kan word as die waarheid van God wat ewig en onveranderlik is. Calvyn wys ons daarop en ook dat ons dit goed moet onthou in dae wanneer die Kerk verstrooi word en ons sou begin twyfel of God die gelowiges volledig sou wil uitroei? Die gelowiges sal gered word ‘soos die HERE beloof het’ en met hierdie woorde word ons beveel dat ons baie meer rekening moet hou met God as met ons eie toestand. ‘Want as ons ons oë glo sal ons elke keer dink dat dit met die Kerk gedaan is. Omdat God Sy dienaars immers swaar

straf, dáárom lyk dit asof dat daar geen reddingsmiddel is nie en as ons glo dat die kwale van die Kerk ioongeneeslik is, dan verlies ons onmiddellik die moed behalwe as ons aan die belofte van God dink. Die profeet roep dus ons gedagtes terug na God toe, asof hy sou sê dat die behoud van die Kerk nie beoordeel moet word volgens wat ons sien nie maar dat dit vasstaan en rus op die Woord van God : Hy het gespreek, Hy het gesê dat die Kerk ewig sal bestaan. Laat ons hierdie belofte vashou sodat ons nie daaraan twyfel dat God sal vervul wat Hy gesê het.’

Ons lees dit in ‘n tyd vol onrus en verwarring, in ‘n tyd waarin derduisende gelowiges tel onder die landgenote wat oor die hele wêreld verstrooi is deur ‘n owerheid wat slegs hulle eie belange najaag en bereid is om daarvoor minstens oor die spreekwoordelike lyke te gaan. Maar laat ons tog met alle erns terugkyk na die tyd en omstandighede waarin die Geskiedenis-maker Calvin laat leef het. Hy was sy eie lewe nie veilig nie, die gelowiges is gruwelik vervolgd, die briewe wat Calvin as herder geskryf het aan o.a. gevange vrouens beweeg ‘n mens tot tranes en ‘n diep heilige jaloesie vir die geloofsvolharding onder absoluut onmenslike omstandighede. ‘n Ontsettende tyd waarvan ons ons nie eers ‘n bietjie ‘n idee kan vorm nie. En dan word so maklik gepraat oor maniere waarop óns die Kerk van Christus en nie óns nie moet ‘red’. Laat ons na nog ‘n paar aktuele woorde van Calvin luister ‘wanneer daar dus sprake is van die verlossing van die Kerk , moet ons nie almal wat hulle kinders van God noem in één bondel saamgooi want ons sien dat noulks een uit honderd opreg God dien – die grootste gedeelte misbruik Sy Naam. Teenswoordig sien ons hoe vermetel die roem van die pousgesindes is. Hulle meen dat die kerk by hulle gevind word en hulle lag oor ons klein getal..... Die Kerk sal verlos word maar .... Alléén die oorblyfsel.’

En by die verklaring van die laaste woorde ‘die wat die HERE sal roep’: ..... dit is nie voldoende om vas te hou dat die Kerk van God slegs aanwesig is in die oorblyfsel nie. Daar moet by kom dat die oorblyfsel om geen ander rede in die Kerk bly dan omdat God hulle geroep het. .. Eers is daar die verborge roeping wanneer God by Homself bepaal wie Hy wil verlos – ‘n inwendige roeping wat berus op die verborge raad van God en daarna volg die roeping wat ons in waarheid deelgenote maak van Sy aanneming. Die profeet gee dus te kenne dat die oorblyfsel nie in hulle eie krag sal staan nie maar omdat hulle van Godsweë geroep is, dit is uitverkies is..... hulle word alleen deur genade gered omdat hulle uitverkies is. So spreek Paulus ook in Rom 11 van die wat oorgebly het...’

DIE DAG VAN DIE HERE GEE DIE OORDEEL VAN GOD OOR DIE NASIES MAAR SEËNINGE VIR SY VOLK 3 : 1 – 21

Die Dag van die HERE word deur Joël profeties ingekleur in die kleure van sy tyd. Ons sien dieselfde by ander profete. Hulle sien dit wat in die toekoms sal gebeur in die vorms en gestaltes en kleure en gevoelens van hulle eie tyd en eie ervarings. Dit is die wonderlike dat God mense en byvoorbeeld die bestaande natuur gebruik met inbegrip van hulle eie aard en hulle dan gebruik vir Sy doel. Ons sien dit baie duidelik by die vier evangeliste wat elkeen op sy eie manier as ooggetuies dikwels dieselfde groot dade van God en die Here Jesus Christus beskryf - hulle word deur die Heilige Gees ingespan maar verloor nie hulle Godgegewe persoonlikheid en individuele talente nie.

Vandag is dit grootliks dieselfde – elkeen wat ‘n gelowige is beleef sy en haar geloof op ‘n eie unieke wyse en kan/mag/behoort nie vasgevang te word in die keurslyf van ‘n bepaalde metode, ‘n bepaalde sigbare

vorm van geloofsbeleving nie. My persoonlike geloofsbeleving verskil daadwerklik ‘hemels’-breed van medegelowiges met wie ek elke Sondag saam in die erediens is, saam gelowig buig voor die geopenbaarde en gepredikte Woord en saam bid en saam lof- en dank- en vloek- en smeekpsalms sing tot eer van ons almal se Drie-enige God. Netsoos ek daardie medegelowige se geloofsbeleving respekteer verwag ek dat my geloofsbeleving gerespekteer word. Ek verwerp die neiging om ter wille van sogenaamde verandering alles wat nie as ‘modern’ en ‘koel’ en ‘lofprysing’ bestempel kan word nie as struikelblokke vir gelowiges te beskou. Om verskil van smaak en dus beleving plek in die Kerk van **Christus** te gee beteken ook om die gelowiges wat ‘n meer ‘tradisionele’ beleving het te respekteer en hulle nie vreemdelinge in die kerklike Jerusalem te maak nie. Die neiging om profetiese uitsprake te doen oor die toekoms van ‘ons’ Kerk wat so donker is as daar nie ‘aangepas’ word nie is eenvoudig sondig. Binne kinderlike gehoorsaamheid aan die geopenbaarde Woord is daar genoeg moontlikhede om verstarring in die liturgie en dus ook geloofsbeleving te voorkom. Die toekoms van Christus se Kerk hang nie af van aanpassings en veranderings waarmee mense God ‘n helpende hand wil aanbied nie. Dit begin dan al met Bybelvertalings wat sogenaamd ‘wetenskapliker’ of ‘mensvriendeliker’ is en eindig met ‘n liturgie en beleving wat die mense beter pas. Dat daar vandag ‘n magdom nuwe Bybel’vertalings’ is, is ‘n rykdom of kàn dit tenminste wees maar dit is nie vertalings nie maar parafrases, verduidelikings, wat netsoos die sogenaamde ‘kinderbybels’ en vandag selfs al ‘bybels’ vir vrouens en vir mans en vir tieners en vir wat ook al, hulpmiddels is en altyd met die ware Bybel vergelyk moet word.

Met ‘want’ word aangesluit by die vorige vers. Dit beklemtoon dat die enigste moontlikheid vir redding en ontkoming van die oordeels-voltrekking in Jerusalem en op die berg Sion is. Slegs vir die mense wat die HERE aanroep en slegs in Jerusalem sal daar redding wees.

Wanneer die Dag van die HERE sal aanbreek? Met Calvyn, Laetsch e.a. dink ek dat dit die hele Nuwe Testamentiese tyd tot die wederkoms van Christus bestryk.

Die redding van die Kerk beteken tegelyk die oordeel oor die vyande van God en Kerk. Waar daar reeds verskillende kere gewys is op die verskriklike van die Dag van die HERE word dit in hierdie gedeelte duidelik hoe verskriklik dit is.

Die HERE is allereers die Aanklaer. Hy versamel al die volke en bring Sy aanklag. Dit gebeur in ‘n dal, ‘n laagte wat die Josafatlaagte genoem word – waarskynlik is dit geen aanwysbare plek nie maar simbolies want die naam Josafat beteken ‘die HERE rig, spreek reg, oordeel’. Die bymekaarbring van die volke laat ons ook lyne deurtrek na wat eeue later beskryf word in die boek Openbaring waar in hoofstuk 20 die volke versamel word en die Here sowel die volke van Gog en Magog as Sy eie volk oordeel.

Die onderdele van die aanklag van die hemelse Regter teen die volke is in verse 2-8. Die kern is die skandalige optrede teen ‘My volk en My land’. Dit is die houding van die volke teenoor God se volk, Sy Kerk wat so beslissend is! O, ja, daar is baie kerksondes en kerkvolksontes en tekortkomings, hulle was só erg dat God Sy volk in Sy toorn in bloedige ballingskap laat gaan het – tog bly dit Sy volk, My erfdeel’.

Die volke het Israel, die erfdeel van die HERE, onder die nasies verstrooi, die land van die HERE vir hulle gevat. Hulle het in hulle onmenslikheid lootjies getrek oor My volk, ‘n jong seun verkwansel in ruil vir ‘n hoer, ‘n jong meisie verkoop vir wyn met die bedoeling – en

dit maak dit so skandalig – om hulle sinne te bevredig sodat hulle wyn kon drink!! Tirus, Sidon en die gebied waar die Filistyne woon het hulle nie alleen vergryp aan die skatte van God nie maar hulle pote na die kinders van die Godsvolk uitgesteek en hulle verkoop aan die inwoners van die verweg Griekeland wat tog ook ‘n bakermat van afgodery is.

Verskriklik is die brandende haat teen God wat uitbars in die haat teen God se volk. Later lees ons so duidelik in die briewe van Johannes dat hulle wat God liefhet ook die kinders van God liefhet. Die teenoor-gestelde is ook so duidelik dat wie God haat, ook God se kinders haat.